



Deel 1

Wat weet ik van God?

Woord en belydenis

1

Wat ek glo, kom uit die Bybel

ONS DOELWIT

Die jongmense moet weet dat die Bybel ons leer wat om te glo en hoe om te leef.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- die Here praat met hulle deur die Bybel;
- dat hulle net in die Bybel kan leer wie God regtig is;
- die Bybel is 'n boek met 'n eie aard; en
- wat die name van die Bybelboeke is.

Gesindheid

Die jongmense moet –

- bereid wees om die Bybel te ken en sy aard te verstaan; en
- bly wees dat God in 'n verhouding met hulle wil wees.

Vaardigheid

Die jongmense moet –

- op die internet gaan kyk en minstens drie interessantheite uit die Bybel neerskryf; en
- die 1983-vertaling van die Bybel gratis vanaf die Bybelgenootskap op hul selfone of tablette aflaai.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Ons bely dat ons glo in die drie-enige God – die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Wie het vir ons gesê dat Hy is soos ons bely Hy is? Wie het ons oortuig dat ons in Hom moet glo?

God het self vir ons gesê wie Hy is. Ons kan niks meer oor God sê as wat Hy self sê nie. Ons kan ook niks anders of iets meer oor Hom glo nie. Dit is net God self wat betroubaar aan ons kan sê wie Hy is en wat ons moet glo. Waar sê Hy dit vir ons? Die Bybel sê in Hebreërs 1: 1: *In die*

verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. Wat die profete oor God gesê het en wat die Seun oor Hom kom bewys en bekend maak het, staan geskryf in die Bybel. Daarom kan ons sê wat ons glo kom uit die Bybel.

Wat weet ons van die Bybel en wat staan in die Bybel wat só belangrik is?

Die eerste ding wat ons van die Bybel weet, is dat dit net soos ander boeke lyk. Kyk ons na die inhoud van die Bybel, kom ons agter dat hierdie één boek uit 'n hele aantal boeke bestaan. Altesaam is daar 66 boeke. Hierdie 66 boeke is verdeel in twee hoofdele: die Ou Testament met 39 boeke, en die Nuwe Testament met 27 boeke.

Nog noukeuriger bestudeer, kom ons agter dat al hierdie boeke deur gewone mense in gewone mensetaal geskryf is. Dit was verskillende mense, met verskillende persoonlikhede en beroepe, wat elkeen ook 'n eie skryfstyl en woordeskat gebruik het. Die samevoeging van al die boeke tot één boek, naamlik die Bybel, het eers eeue later gevolg.

Met respek gesê, die Bybel het nie kompleet en afgerond uit die hemel geval nie. Gewone mense was by die ontstaan van die Bybel betrokke. Die Bybel is dus 'n baie *menslike* boek.

Maar tog is die Bybel tegelyk heeltemal anders en ook baie meer as net die samestelling van 'n aantal *menslike* boeke. Agter die Bybel, dit wil sê, ágter die boodskap en inhoud van die Bybel, agter al die *menslike* van die Bybel, lê die inisiatief van God. In die Bybel in 2 Timoteus 3: 16 en 2 Petrus 1: 20-21 sê die Bybel self dat hierdie stel boeke nie daar sou gewees het as God nie self ingegryp het om dit daar te stel nie.

Dit maak van die Bybel 'n heeltemal andersoortige boek. Wat ons hiermee sê, is dat by die ontstaan en oorlewering van elke boek van die Bybel nie net mense nie, maar God self aktief betrokke was. Om die waarheid te sê, dit was eintlik God wat ook die aksie by die mense bewerk het. Ons lees dat Hy mense *geïnspireer* en *meegevoer* het. God self het mense geroep en hulle afgesonder, hulle geheilig om as instrumente sy Woord te hoor, neer te skryf, te versamel en oor te dra.

Wat belangrik is oor die skryf van die Bybel, is dat die skrywers doodgewone mense was wat in doodgewone taal geskryf het. Hulle het nie in 'n geheime taal oor bomenslike dinge geskryf nie. Die wonderlike dinge wat God met hulle laat gebeur het, het hulle sodanig geskryf dat mense van daardie tyd dit duidelik kon verstaan. Die Bybel sê dus vir die mense van die Bybel se tyd in verstaanbare mensetaal wat Hy wil hê hulle van Hom, hulself en die wêreld moet weet. Alles wat God vir ons wil sê en alles wat ons nodig het om van God te hoor, vind ons in die Bybel.

Hoekom bely gelowige kinders van die Here dat hulle glo dat wat in die Bybel staan waar is? Het die skrywers en samestellers van die Bybel nie geïnk en maar net dinge gedroom nie? Die Heilige Gees oortuig 'n kind van die Here dat die Bybel God se Woord in mensetaal is. Die Heilige Gees oortuig ons dat God mense geïnspireer en meegevoer het om neer te skryf wat hulle van God beleef het.

Net deur die Heilige Gees kan jy sê ek glo in die drie-enige God, en God se Woord is die waarheid.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- Maak seker jy vat jou Bybel saam.
- Lees vooraf hierbo EK BREI MY EIE KENNIS UIT deeglik deur.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

KOM ONS BEGIN

Lees 2 Timoteus 3: 14-17 en doen 'n gebed.

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Vra die volgende vrae:
 - Hoeveel formuliere vir die afneem of aflegging van belydenis van geloof kon jy op ons Kerk se webblad kry? (Twee.)
 - Wat is die verskil tussen die twee? (Die oorspronklike een is baie langer as die ander een. Die wisselformulier is in makliker en verstaanbaarder taal geskryf.)
- Laat 'n paar van hulle stuk vir stuk die ontbrekende woorde voorlees van die **Wisselformulier** wat hulle gaan opsoek het (hieronder afgedruk). Gee geleentheid dat hulle korreksies kan aanbring indien nodig.
- Laat 'n paar van hulle in hul eie woorde redes gee waarom aflegging van belydenis van geloof 'n ernstige saak is. Bring korreksies aan indien nodig.
- Aflegging van belydenis van geloof is 'n ernstige saak, want dit is 'n gelofte wat hulle voor God gaan aflê. Laat 'n paar vertel wat hulle voor God gaan bely en belooft:
 - Hulle gaan bely dat hulle glo in die drie-enige God.
 - Hulle gaan belowe om –
 - in 'n lewende verhouding met God te gaan leef deur gebed, Bybelstudie en 'n toegewyde lewe;
 - met die Kerk mee te leef en diensbaar in hul gemeentes te wees; en
 - hulle te hou by die kerklike dissipline.

WISSELFOMULIER VIR DIE AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF

Geliefdes van ons Here, Jesus Christus:

God het **die wêreld so lief** dat Hy sy Seun gestuur het, sodat elkeen wat **in Hom glo** nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Met **die doop** bevestig God hierdie genade aan ons. **God se liefde dring ons** om ons **geloof te bely**. Die verrassende is dat die Woord van God ons leer dat **geloof nie uit onself kom nie** – dit is 'n geskenk van God. Die **Heilige Gees** wek geloof in ons wanneer ons die Woord van God hoor. Sommige van ons kon reeds van kleins af in God glo. Ander van ons het God eers later leer ken. Geloof in Jesus Christus bring ons **in 'n lewende verhouding met God**.

Hierdie verhouding word ook sigbaar waar ons **meeleef met die kerk** as liggaam van Christus. Dit is 'n voorreg om God se kinders te wees en aan sy kerk te behoort. Daarom bely ons telkens opnuut en met verwondering ons geloof.

Hierdie verwondering dring ons om gereeld **tot God te bid**, die Bybel as **Woord van God getrou te bestudeer** en **ons lewe daarvolgens in te rig**. Wanneer ons bewus word van ons onvermoë om volgens sy wil te lewe, moet ons ons **skuld bely en ons telkens weer tot God bekeer**. As lidmate van sy kerk wil ons **diensbaar wees in sy gemeente** en **ons hou aan die kerklike dissipline**.

God gebruik die opvoeding vanuit die ouerhuis, **die kerk se kategese** en **die prediking** om ons oor al hierdie sake te onderrig. Die ouderlinge is tevrede dat julle voldoende onderrig is, dat julle besef wat die geloof in God beteken, en hoe julle as Christene moet leef. Daarom kry julle nou geleentheid om julle geloof voor God en sy gemeente te bely.

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

Laat hulle om die beurt die volgende vrae en stellings bespreek. Moet nog nie regte antwoorde gee nie – doen dit tydens die aanbidding.

- Waar het jy God leer ken? Hoe? Deur wie? Wanneer?
- Wie is die God waarvan ons nou vertel het?
- Hoekom wil jy God graag leer ken en in 'n hegte verhouding met Hom leef?
- Wat dink jy verwag God van jou?

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

- Maak seker jy het EK BREI MY EIE KENNIS UIT deeglik deurgelees.
- Gebruik die onderstaande om hulle met die inhoud vertrou te maak.
- Julle moet hoofsaaklik na drie belangrike vrae kyk tydens hierdie aanbidding:
 - Waar en hoe het ons God leer ken?
 - Wat moet ons glo?
 - Hoe moet ons leef?

Waar het jy God leer ken?

Dalk het Ma of Pa jou eendag van Hom vertel. Dalk het jy maar so met die tyd saam by jou vriende of die skool van Hom gehoor. Dalk het julle op 'n keer kerk toe gegaan toe iemand gedoop is. Dalk het jy van kleins af gekatkiseer en was dit vir jou baie interessant.

Jy hoor ek sê dalk, dalk, dalk... Dit beteken jy het dalk sommer maar op 'n lukraak manier van God kennis geneem. Kan jy waarlik iemand ken en hom met jou lewe vertrou as jy net kennis van hom geneem het? Die meeste van julle weet mos hoe streng ons ouers ten regte is as, veral die dogters, saam met 'n vreemde man in 'n kar gaan rondry. Jou ouers sê gewoonlik: *Jy ken hom nie. Jy weet nie of hy versigtig bestuur nie. Jy weet nie waarheen vat hy jou nie...*

Wanneer gaan jou ouers jou eendag toelaat om saam met vreemde persone rond te ry? Eers as hulle dié mense ken en hulle kan vertrou. Julle moet eers meer van mekaar hoor en in die

een of ander verhouding met mekaar betrokke raak. Dan sal jou ouers waag om hulle met jou lewe te vertrou.

Hoe het dit gebeur dat jy God leer ken het?

Dieselfde as met jou en jou vriend of vriendin geld van God. Voor jy God met jou lewe, jou bestaan, jou toekoms kan vertrou, moet jy Hom eers ken. Mense leer mekaar ken deur te kommunikeer, by mekaar te wees, te gesels, van mekaar te hoor. Ons en God leer mekaar ook eers intiem ken deur te kommunikeer, by mekaar te wees, te gesels, van mekaar te hoor. Dit gebeur in die eerste plek deur die Bybel. Ja, jy kan dalk uit die natuur aflei daar moet 'n god wees; of 'n mens se geestelike aard kan dalk bewys dat daar 'n opperwese is. Die enigste manier waarop jy God persoonlik, so intiem kan leer ken dat jy Hom met jou lewe sal vertrou, is deur die Bybel.

Deur die Bybel leer ons dat God ons Vader, die Almagtige, die Skepper is, wat ons deur Jesus verlos en ons deur die Heilige Gees vertroos en lei. Die natuur of jou geestelike aard kan nie vir jou bewys dat die Vader jou geskep het en jou versorg, dat Jesus vir jou gesterf en opgestaan het en jou verlos, en dat die Heilige Gees jou lei en vertroos nie. Net die Bybel doen dit. Daarom moet ons die Bybel ken. Daarom is dit belangrik om kerk toe te gaan, belydenisonderrig by te woon en Bybelstudie te doen. Jy wil mos ervaar dat iemand jou volmaak veilig en gelukkig laat voel? Net die Bybel laat ons glo dat die drie-enige God ons versorg in ons daaglikse behoeftes (Vader), dat Hy jou verlos van jou sondes (Seun), en dat Hy jou vertroos en in Hom laat glo (Heilige Gees).

Daar is geen ander verlosser wat jou kan bevry van ALLES wat teen jou kan tel nie – net die God van wie die Bybel ons leer, kan en het ons verlos.

DUS: *Wat werklik belangrik is oor God, leer ons net deur die Bybel.*

Deur wie gebeur dit?

Hier is 'n hele paar belangrike dinge wat ons moet weet:

- God het die Bybel laat skryf onder leiding van die Heilige Gees. *Die hele Skrif is deur God geïnspireer...* (2 Timoteus 3: 16).
- Hy het verskillende soorte mense met verskillende geaardhede onder verskillende omstandighede gebruik om dit te doen.
- Dit het God gedoen sodat mense soos ek en jy, wat ook allerhande giere en geaardhede en vreugdes en traumas en omstandighede het, kan verstaan en beleef dat ons saak maak vir God.

DUS: *Die Bybel is 'n menslike boek, geskryf deur mense wat deur God gelei is.*

- Mense wat die Bybel gelees het en deur die Heilige Gees geglo het wat daar staan, het dit met hul familie en vriende en ander mense gedeel.
- Hulle het dit geglo en weer met hul familie en vriende en ander mense gedeel.
- Dit het aangehou en aangehou sodat ons vandag nog steeds vir God kan leer ken en 'n verhouding met Hom kan hê.

DUS: *God het die waarheid van die Bybel deur die kerk – gelowige skrywers, ons ouers en hul ouers en hul ouers – na ons almal toe laat kom.*

Wat is dit wat die Bybel ons wil leer en laat glo?

Die eerste en die belangrikste ding wat God met ons wil laat gebeur, is dat ons nou en vir ewig gelukkig moet wees. Kom ons kyk wie uit ons vorige byeenkoms kan onthou waarom dit belangrik is om te glo.

Die Bybel wil ons gemoedsrus gee as dit ons leer en laat glo en laat beleef –

- dat God ons Vader is wat alles in ons lewe voorsien;
- dat Jesus Christus ons van al ons sonde verlos het; en
- dat die Heilige Gees ons gelukkige mense wil maak wat as dissipels van Jesus gaan lewe.

Hoe moet ons leef?

Die geloof dat God ons gelukkige mense nou en vir ewig wil maak, moet aan ons die voorneme gee –

- om nie sonde te doen nie;
- om ware dissipels van Jesus te wees, sy kerk sterk te maak en te laat groei; en
- om ander gelowiges die reg te gee om ons op die regte pad te hou.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

- Waar en hoe het ons God leer ken?
 - Wat werklik belangrik is oor God, weet ons net deur die Bybel.
 - Die Bybel is deur mense geskryf wat deur God gelei is. *Die hele Skrif is deur God geïnspireer...* (2 Timoteus 3: 16).
 - God het die waarheid van die Bybel deur die kerk – gelowige skrywers, ons ouers en hul ouers en hul ouers – na ons almal toe laat kom.
- Ons wil God graag leer ken en in 'n hegte verhouding met Hom leef –
 - omdat God ons Vader is wat alles in ons lewe voorsien;
 - omdat Jesus Christus ons van al ons sonde verlos het; en
 - omdat die Heilige Gees ons gelukkige mense wil maak wat as dissipels van Jesus gaan lewe.
- Omdat God gelukkige mense van ons wil maak, moet ons die voorneme hê –
 - om nie sonde te doen nie;

WOORDKAART

Deel in groepe op en laat hulle soveel woorde as wat hulle kan uit 2 Timoteus 3: 16 in die woordkaart opspoor en omkring.

A	E	N	'N	R	E	G	T	E	B	D	B	R	D	W	F
C	N	D	L	M	F	M	D	I	E	A	B	R	Q	T	H
N	H	M	I	T	L	K	D	W	B	U	J	H	D	E	B
O	E	P	M	E	H	J	W	A	V	Q	H	O	B		F
Z	T	W	Q	O	H	I	C	A	D	J	G	F	H	B	Y
B	G	Z	W	N	C	E	H	R	X	R	G	H	B	W	S
T	R	Y	R	D	A	M	L	H	U	T	W	R	L	H	Y
S	O		Q	E	S	H	T	E	K	W	E	E	K	R	J
Y	O	A	Y	R	Y	T	D	I	S	H	Y	J	E	B	D
Z	T	R	M	R	M	S	Q	D	Z	K	G	E	W	C	X
T	W	M	R	I	I	R	D	T	G	M	R	H	L	Y	J
S	A	S	M	G	C	Q	M	T	L	I	S	I	Q	B	S
Z	A	M	S	J	M	D	Y	L	P	B	S	J	F	C	X
Y	R	E	G	T	E	J	L	S	T	E	L	G	M	Z	G
T	D	D	W	A	L	I	N	G	T	E	T	Q	B	D	Y
Z	E	J	R	D	D	ï	Y	X	Q	B	H	C	R	L	G
T	O	Y	R	B	E	S	T	R	Y	L	T	G	S	T	J
Y	M	T	S	G	D	T	S	C	G	R	M	S	M	X	S
D	I	V	E	R	K	E	E	R	D	H	E	D	E	D	L
X	N	D	L	E	W	E	N	S	W	Y	S	E	G	L	J

Lees 2 Timoteus 3: 16, bespreek dit in groepe en verduidelik die impak daarvan op ons lewens.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle op die internet kyk en minstens drie interessantheide uit die Bybel neerskryf.
- Laat hulle die 1983-vertaling van die Bybel gratis vanaf die Bybelgenootskap op hul selfone of tablette aflaai.
- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk vir meer inligting oor hierdie tema.

HULLE KRY HULSELF PARAAT

- Beklemtoon hoe belangrik dit is om die Bybel te kan gebruik. Dit is ons wapen teen alles wat sleg is en dit beskerm alles wat vir ons goed is. Lees die volgende tekse en wys hulle daarop dat die Bybel ons wapen is:
 - *...vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God (Efesiërs 6: 17b).*
 - *Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord! (Psalm 119: 9).*
 - *Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard (Hebreërs 4: 12).*
- Laat hulle hierdie tekste gaan memoriseer.
- Laat hulle die name van die boeke van die Bybel gaan memoriseer, sodat hulle weet hoe om hul wapen, die Bybel, te gebruik.

DIE BOEKE VAN DIE BYBEL

Die Ou Testament

Genesis; Eksodus; Levitikus; Numeri; Deuteronomium; Josua; Rigters; Rut; 1 Samuel; 2 Samuel; 1 Konings; 2 Konings; 1 Kronieke; 2 Kronieke; Esra; Nehemia; Ester; Job; Psalms; Spreuke van Salomo; Prediker; Hooglied van Salomo; Jesaja; Jeremia; Klaagliedere van Jeremia; Esegël; Daniël; Hosea; Joël; Amos; Obadja; Jona; Miga; Nahum; Habakuk; Sefanja; Haggai; Sagaria; Maleagi.

Die Nuwe Testament

Matteus; Markus; Lukas; Johannes; Die Handeling van die Apostels; Romeine; 1 Korintiërs; 2 Korintiërs; Galasiërs; Efesiërs; Filippense; Kolossense; 1 Tessalonisense; 2 Tessalonisense; 1 Timoteus; 2 Timoteus; Titus; Filemon; Hebreërs; Jakobus; 1 Petrus; 2 Petrus; 1 Johannes; 2 Johannes; 3 Johannes; Judas; Die Openbaring aan Johannes.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 252 as gebed.

*Bewaar ons, Vader, deur u Woord;
help ons teen onreg, roof en moord.
Keer dié wat selfs u eie Seun
opnuut wil kruisig deur die leuen.*

*Bewys u mag, o Jesus, Heer;
toon dat U oor u kerk regeer.
Beskerm die hele Christendom;
bewaar ons tot u groot dag kom.*

*O Heil'ge Gees wat by ons bly,
gee dat ons lewens sin mag kry;
staan by ons in die laaste nood;
lei ons tot lewe na die dood.
Amen.*